# LITERATUURVERWYSINGS

ABRAHAM-MURALI, L & LITTRELL, MA. 1995. Consumers' Conceptualization of Apparel Attributes.*Clothing and Textiles Research Journal.* 13(2):65-73.

BABBIE, E & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research.* Kaapstad. Oxford.

BARON, RA & BYRNE, D. 1987. *Social psychology: understanding human interaction.* 5$^{de}$ uitg. Boston. Allyn & Bacon.

BOTHA, P. 2001. Die Kwalitatiewe Onderhoud as Data-insamelingstegniek: Sterk en Swak Punte. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences.* 29:13-19.

BROWN, P & RICE, J. 1998. *Ready-to-wear apparel analysis.* 2$^{de}$ uitg. Englewood Cliffs. Merrill-Prentice Hall.

CAVALLARO, D & WARWICK, A. 1998 *Fashioning the Frame. Boundaries, Dress and Body.* New York. Berg

CASSILL, NL & DRAKE, MF.1987(a). Apparel Selection Criteria Related to Female Consumer's Lifestyle. *Clothing and Textiles Research Journal.* 6(1):20-27.

CASSILL, NC & DRAKE, MF. 1987(b). Employment Orientation's Influence on Lifestyle and Evaluative Criteria for Apparel. *Home Economics Research Journal.* 16(1):23-34.

CHARON, JM. 1979. *Symbolic interactionism – an introduction, an interpretation, an integration.* 2$^{de}$ uitg. Englewood Cliffs. Prentice Hall.

CHEN-YU, HJ, WILLIAMS, G & KINCADE, DH. 1999. Determinants of Consumer Satisfaction/Dissatisfaction with the Performance of Apparel Products. *Family and Consumer Sciences Research Journal.* 28(2):167-192.

DAMHORST, ML, MILLER, KA & MICHELMAN, SO. 1999. *The meanings of dress.* New York. Macmillan.

DAVID, RE, HEARN, MT, UHLEMANN,MR & IVEY, AE. 1989. *Essential interviewing: A programed approach to effective communication*. California. Brooks/Cole Publishing Company.

DE KLERK HM. 1991. *Die dogter in die Middelkinderjare se Gebruik van Kleding en Voorkoms as Simbool Met betrekking tot geslagsrolle*. PhD (Huishoudkunde) proefskrif. Universiteit van Pretoria.

DELONG, MR. 1997. Clothing and Aesthetics: Perception of Form. *Home Economics Research Journal*. June 5(4):214-219.

DELONG, MR. 1998. *The way we look. Dress and aesthetics*. 2de uitg. New York. Macmillan.

DELONG, PA & FIORE, AM &. 1994. Introduction to Aesthetics of Textiles and Clothing: Advancing Multi-Disciplinary Perspectives. *ITTA Special Publication*. 7: 7-27, 97-104, 121-130, 143-151.

DE VOS, AS. 1998. Scientific Theory and professional research. In DE VOS, AS (red.). 1998. *Research at grass roots*. Pretoria. Van Schaik.

ECKMAN, M. 1997. Attractiveness of Men's Suits: The Effect of Aesthetic Attributes and Consumer Characteristics. *Clothing and Textiles Research Journal*. 15(4):193.

ELLEN, PS & BONE, PF. 1998. Does it Matter if it Smells? Olfactory Stimuli as Advertising Executional Cues. *Journal of Advertising*. 27 (4): 29-40.

FIORE, AM & DAMHORST, ML. 1992. Intrinsic Cues as Predictors of Perceived Quality of Apparel. *Journal of Consumer Satisfaction, Dissatisfaction and Complaining Behavior*. 5:168-177.

FIORE, AM. 1993. Multisensory Integration of Visual, Tactile, and Olfactory Aesthetic Cues of Appearance. *Clothing and Textiles Research Journal*. 11(2): 45-52.

FIORE, AM & KIMLE, PA. 1997. *Understanding aesthetics for the merchandising and designing professional*. New York. Fairchild.

FOWLER, D & CLODFELTER, R. 2001. A Comparison of Apparel Quality: Outlet Stores Versus Department Stores. *Journal of Fashion Marketing and Management*. 5(1):57-66.

GERSAK, J. 2002. Development of the System for Qualitative Prediction of Garments Appearance Quality. *International Journal of Clothing Science and Technology.* 14(3/4):169-180.

GREWAL, D & MONROE, KB. 1995. Information Cues as Signals of Quality. *European Advances in Consumer Research.* 2:356-357.

GUY, A, GREEN, E & BANIM, M. 2001. *Through the wardrobe. Women's relationships with their clothes.* New York. Berg.

HAVLENA, WJ & HOLBROOK, MB. 1986. The Varieties of Consumption Experience: Comparing Two Typologies of Emotion in Consumer behavior. *Journal of Consumer Research.* 13:394-404.

HERBST, F & BURGER, C. 2002. Attributes Used by Consumers when Purchasing a Fashion Product: A Conjoint Analysis Approach. *Journal of Family Ecology and Consumer Sciences.* 30:40-45.

HINES, JD & O'NEAL, GG. 1995. Underlying Determinants of Clothing Quality: The Consumer's Perspective. *Clothing and Textiles Research Journal.* 13(4):227-232.

HOGAN, PC. 1994. The Possibility of Aesthetics. *The British Journal of Aesthetics.* 34 (4): 337 - 347

HORN, MJ & GUREL, LM. 1981. *The second skin.* 3de uitg. Boston. Houghton Mifflin.

HUNG, K 2000. Narrative Music in Congruent and Incongruent TV Advertising. *Journal of Advertising.* 29(1): 25-34.

JASPER, CR & QUELLETTE, SJ. 1994. Consumer's Perception of Risk and the Purchase of Apparel from Catalogs. *Journal of Direct Marketing.* 6(2):23-26.

KAISER, SB. 1990. *The social psycology of clothing. Symbolic appearances in context.* 2de uitg. New York. Macmillan.

KARNES, CL, SRIDHARAN, SV & KANET, JJ. 1995. Measuring Quality from the Consumer's Perspective: A Methodology and its Application. *International Journal of Production Economics.* 39:215-225.

LEEDY, PD. 1997. *Research: Planning and design.* 6de uitg. New York. Prentice Hall.

LYNCH, A, MICHELMAN, SO & HEGLAND, JE. 1998. Cross-cultural and Intra-societal Application of DeLong's Framework for Visual Analysis. *Clothing and Textiles Research Journal.* 16(4): 145-155.

MALHERBE, E. 1996. *Die Invloed van die Verkoopsdame se Voorkoms op die Besluitnemingsproses van die Verbruiker.* B Hons (Huishoudkunde) skripsie. Universiteit van Pretoria.

MATILLA, AS & WIRTZ, J. 2001. Congruency of Scent and Music as a Driver of Instore Evaluation and Behavior. *Journal of Retailing.* 77(2): 273-278.

MILES, MB & HUBERMAN, AM. 1994. *Qualitative data analysis.* 2nd ed. Sage. Thousand Oaks.

MOUTON, J. 1996: *Understanding social research.* Pretoria. Van Schaik.

MOUTON, J & MARAIS, HC. 1991. *Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria. Raad vir Geestenswetenskaplike Navorsing.

MULLER, JM. 1983. Verbruikerstevredenheid met Tekstielprodukte. *Tyskrif vir Dieëtkunde en Huishoudkunde.* 11(1):28-33.

MULLER, JM. 1985. Die Tekstielhandelaar se Diens aan die Verbruiker. *Tydskrif vir Dieëtkunde en Huishoudkunde.* 13(3):69-74.

MURPHY, NA. 1987. 'n Verbruikershulpmiddel vir Klereaankope op Objektiewe Wyse. *Tydskrif vir Dieëtkunde en Huishoudkunde.* 5(3):83-85.

OBERMILLER, C & WHEATLEY, JJ. 1984. Price Effects on Choice and Perceptions under Varying Conditions of Experience, Information and Beliefs in Quality Differences. *Advances in Consumer Research.* 11:453-458.

OLIVER, RL. 1996. Varieties of Value in the Consumption Satisfaction Response. *Advances in Consumer Research* 23: 143-147.

O'NEAL, GS. 1998. African-American Aesthetic of Dress: Current Manifestations. *Clothing and Textiles Research Journal.* 16(4):167-175.

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. In De Vos, AS (Ed), Strydom, H, Fouché, CB, Poggenpoel, M, Schurink, E & Schurink, W. *Research at grass roots. A primer for the caring proffesions.* Pretoria. JL van Schaik.

RASBAND, J. 2001(a). *Art Essentials On Color.* New York. Fairchild.

RASBAND, J. 2001(b). *Art Essentials On Line.* New York. Fairchild.

RASBAND, J. 2002 . *Wardrobe strategies for women.* New York. Fairchild.

RUDD, NA & LENNON, SJ. 1994. Aesthetics of the Body and Social Identity. *ITAA Special Publication.* 7: 163-175.

SEBASTIANELLI, R & TAMIMI, N. 2002. How Product Quality Dimensions Relate to Defining Quality. *International Journal of Quality & Reliability Management.* 19(4):442-453.

SCHIFFMAN, LG & KANUK, LL. 1997. *Consumer behavior.* 6de uitg. Englewood Cliffs. Prentice Hall.

SHIM, S & BICKLE, CB. 1994. Benefit Segments of the Female Apparel Market: Psychographics, Shopping Orientations, and Demographics. *Clothing and Textiles Research Journal.*12(2):1-11.

SHIM, S & KOH, A. 1997. Profiling Adolescent Consumer Decision-Making Styles:Effects of Socialization Agents and Social-Structural Variables. *Clothing and Textiles Research Journal.* 15(1):50-57.

SHIM, S & KOTSIOPULOS, A. 1993. A Typology of Apparel Shopping Orientation Segments Among Female Consumers. *Clothing and Textiles Research Journal.* 12(1):73-85.

SOLOMON, MR. 1996. *Consumer behavior. Buying, having, and being.* 3de uitg. Englewood Cliffs. Prentice Hall.

SPROLES, GB & BURNS, LD. 1994. *Changing appearances. Understanding dress In contemporary society.* New York. Fairchild.

VALDEZ, P & MEHRABIAN, A. 1994. Effects of Color on Emotion. *Journal of Experimental Psychology: General.* 123(4): 394-409.

VELLEMAN, AK. 1995. *Dames se Gebruik van die Klerewinkelaansig as Simbool van Bepaalde Kenmerke.* B Hons (Huishoudkunde) skripsie. Universiteit van Pretoria.

WALTERS, CG & BERGIEL, BJ. 1989.*Consumer behavior. A decision-making approach.* Cincinnati. South-Western Publishing Co.

WHITE, N & GRIFFITHS, I. 2000. *The fashion business* theory, practice, image. New York. Berg.

YOON, E & KIJEWSKI, V. 1997. Dynamics of the Relationship Between Product Features, Quality Evaluation, and Pricing. *Pricing Strategy & Practice.* 5(2): 45-60.

ZEITHAML, VA. 1988. Consumer Perceptions of Price, Quality, and Value: A Means-end Model and Synthesis of Evidence. *Journal of Marketing.* 52: 2-22.

# BYLAAG A

## VRAELYS OM GESKIKTE RESPONDENTE TE IDENTIFISEER

NAAM EN VAN: ______________________________

GEBOORTEDATUM: __________________________

BEROEP: _________________________________

TELEFOONNOMMER: ___________________ SEL: ___________________

Sal u asseblief so vriendelik wees om eerlik op elk van die volgende stellings te reageer deur die toepaslike nommer met 'n kruisie te merk. Tot watter mate stem u saam met elk van die volgende stellings wat handel oor die besluitneming en aankoop van 'n nuwe kledingproduk?

1. Ek hou daarvan om nuwe modeneigings na te volg. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

2. 'n Handelsnaam soos Billabong, Carducci en ander bekende handelsname beïnvloed my keuse van nuwe kledingprodukte. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

3. Dit is vir my belangrik dat my geklede voorkoms in die aanpaskamer se spieël my goed sal laat lyk. **(A)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

4. Advertensies in tydskrifte, winkelvensters en modebylae rig my aankope. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

5. Ek doen graag my aankope van nuwe kledingprodukte by uitverkopings soos Edgars se Rooi Hanger uitverkoping. **(A)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

6. Ek hou daarvan om emosionele satisfaksie met 'n nuwe kledingproduk te beleef. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

7. Wanneer 'n bepaalde kledingproduk gemaklik pas sal ek dit selfs oorweeg om 'n tweede daarvan aan te koop. **(G & A)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

8. Die aankoop van nuwe kledingprodukte is 'n opwindende tydverdryf. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

9. Ek koop my kledingprodukte aan met die aanvang van 'n nuwe-mode seisoen. **(G & A)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

10. Ek beskou die aankoop van nuwe kledingprodukte as 'n stokperdjie. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

11. Ek beskou katalogus en Internet aankope van nuwe kledingprodukte as waardevol en maak daarvan gebruik. **(G)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

12. Ek begroot maandeliks vir die aankoop van nuwe mode-items. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

13. Dit is vir my frustrerend om rond te kyk na nuwe kledingprodukte. **(G)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

14. Ek verkies dit om kledingprodukte aan te koop van een besonderse handelsnaam soos Queenspark en Penny Coelen. **(A)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

15. Ek beskou die aankoop van nuwe kledingprodukte as tydrowend. **(G)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

16. Dit is vir my belangrik wat ander van my geklede voorkoms dink. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

17. Ek verkies om nuwe kledingprodukte jaarliks aan te koop. **(A)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

18. Spesiale geleenthede soos doop, 'n Valentynsbal of 'n werksdinee oefen 'n bepalende invloed uit op my keuse en aankoop van nuwe kledingprodukte. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

19. Ek koop slegs nuwe kledingprodukte aan, wanneer dit 'n plaasvervanger vir 'n deurleefde kledingproduk is. **(A)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

20. Die aankoop van nuwe kledingprodukte speel 'n belangrike rol in my begroting. **(S)**

| Stem glad nie saam | | | | | | Stem volkome saam |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |

21. Sou u bereid wees om verder deel te neem aan die studie?______________

**S = Sterkbetrokke verbruikersvraag (10 vrae)**
**G = Geriefs verbruikersvraag (7 vrae)**
**AP = Apatiese verbruikersvraag (5 vrae)**

Baie dankie vir u kosbare tyd. ek skakel u so spoedig moontlik.

Groete
Stephna Lubbe

# BYLAAG B

## MODE- FOTO'S AS STIMULUSMATERIAAL VIR ONDERHOUD EEN













# BYLAAG C

# PERSOONLIKE DOKUMENTASIE VAN RESPONDENTE IN ONDERHOUD TWEE

## RESPONDENT EEN

Die aankoop van nuwe uitrustings vir werk en kerk. Die uitrustings wat ek sal oorweeg is 'n tweestuk. Ek hou van meng en pas en dus maak dit dan my eerste keuse. Dit sal ook my kas aanvul wat ek weer kan meng en pas met ou kledingstukke. Vir kerk sal ek 'n romp met 'n baadjie verkies, waarby ek dan die aankoop van 'n bypassende broek ook sal oorweeg vir verdere meng en pas veral vir die werksopset.

Die volgende ding wat my sal lei in die aankoop van my tweestuk is die kleur van die uitrusting. Dit is vir my belangrik dat 'n uitrusting gekomplementeer moet word deur die keuse van 'n paar skoene en 'n handsak, afhangende van die hoeveelheid geld tot my beskikking. Indien ek nie skoene bykoop nie, sal ek my huidige skoene en handsakke in ag neem en daarvolgens dan die kleur van die uitrusting oorweeg. Gedurende die winterseisoen dui my kleurskema normaalweg op donker kleure soos swart, bruin, wyn-rooi, donkerblou en wit. Gedurende die somerseisoen dui my kleurskema op wit, rooi, tan en pastel kleure.

Indien ek skoene bykoop is dit weer 'n saak op sy eie. As dit by skoene kom, laat ek my baie deur die huidige mode lei. Ek sal nie skoene dra wat uit die mode is nie. Ek vervang dus my skoene gereeld en hou nie ou skoene aan nie. Skoene rond 'n uitrusting af en kan 'n uitrusting maak of breek in my opinie. Ek voel so sterk hieroor dat ek selfs my vorige verhoudings oorweeg het deur op te let na hul skoenkeuses. Wanneer dit by die keuse van skoene kom laat ek my lei deur dit wat vir my mooi en modern is. Ek hou van 'n hoë skoen met 'n sterk en stewige hak. Ek het redelike groot/lang voete en oorweeg dus skoene (toe-skoene) met 'n kort toongedeelte, want dit laat my voete kleiner vertoon. Verder verkies ek skoene (oopskoene) met 'n band agter vir ekstra ondersteuning en gemak. Ek is nie gepla oor die maak of die naam van 'n paar skoene nie. Indien ek skoene van 'n goeie gehalte koop dan lyk dit nog soos nuwes, wanneer ek hulle wil vervang en dan die teendeel is weer wanneer ek skoene van geen gehalte koop dan is die skoene soms deurgeloop nog voordat ek dit wil vervang. Ek koop waarvan ek hou ongeag van die prys, maak, naam of kwaliteit.

Die volgende ding wat my sal lei in die aankoop van my tweestuk is my voorkoms in die uitrusting wanneer ek dit aanpas. Gedurende hierdie fase sal ek die lengte van die romp en die broek oorweeg. Ek is redelik lank en daarby hou ek van my rompe en broeke lank. Ek vind dit baie moeilik om die regte lengtes te kry. Sekere winkels, soos byvoorbeeld Woolworths en Edgars, verkoop broeke wat die beenlengtes aandui. Woolworths, spesifiek, hou soms broeke aan met verlengde pype, maar dit is baie skaars en kom slegs in sekere kleure voor wat my soms baie beperk. Dan is daar winkels wat ek weet nooit in my lengte-

behoeftes kan voldoen nie. Ek is dus baie beperk wat dit aanbetref. Dit is altyd vir my lekker om met nuwe winkels te eksperimenteer in die hoop dat dit wel aan my behoeftes sal voldoen. Dit is die dat ek altyd my broeke en sekere van my rompe onder my naeltjie dra, sodat die lengte van my uitrustings meer aanvaarbaar is vir my. Soveel so dat my drie-jarige dogtertjie al 'n obsessie het dat ek haar broeke net nie oor haar naeltjie moet optrek nie. "Nie so hoog nie" sal sy altyd sê en dui dan die presiese plek onder die naeltjie vir my aan.

My voorkoms is baie belangrik wanneer ek die uitrusting aanpas. Ek kon nog nooit direk van die winkel se rakke af koop nie. Ek wil goed voel en goed lyk, alvorens ek 'n uitrusting koop. Ek laat my gewoonlik deur die prys van die uitrusting lei. Indien die uitrusting byvoorbeeld R1 000 kos, vra ek myself altyd indien die antwoord "Ja" is sal ek dit koop. Maar ek sal ook nie 'n uitrusting, wat byvoorbeeld op uitverkoping is, koop indien ek sleg daarin lyk nie. My voorkoms in die aanpaskamer is belangrik, gepaardgaande natuurlik met my gemoedstoestand op daardie oomblik. Alhoewel my gemoedstoestand soms vinnig negatief beïnvloed word deur die spieëls in die aanpaskamers, of is dit nou die skerp ligte wat altyd van die verkeerde kante af skyn! Persoonlik dink ek kettingwinkels moes lankal 'n plan gemaak het met diė probleem.

Laastens oorweeg ek ook die sterkte van die materiaal en/of die maklike hantering van uitrustings. Dit is vir my belangrik dat my uitrustings baie hantering kan verdra. Wanneer ek gemaklik voel in 'n spesifieke uitrusting dra ek dit gereeld. Dus moet die uitrusting nie moeite wees om te was en te dra nie.

Die kleur van 'n kledingproduk is vir my 'n baie belangrike oorweging vir die aankoop van nuwe kledingprodukte. Ek kies kleure waarvan ek hou, nie noodwendig mode-kleure nie. My voorkoms is baie belangrik wanneer ek 'n kledingproduk aanpas. Ek wil nie vet en kort daarin vertoon nie. My gemoed bepaal baie wat ek die dag sou kies, eendag sal ek in enige kledingprodukte vir myself vet en lelik vertoon terwyl dit ander dae nie so sal wees nie. Dit hang ook af waarvoor ek die kledingproduk wil aankoop, vir die werk of vir ontspanning. Ek wil wegsteek wat ek wil met my kledingprodukte sodat ek goed voel daarin.

Ek voel aan die kledingproduk om die sterkte van 'n kledingproduk te bepaal. Ek voel of dit wol is wat sal uitrek en of dit lap is wat droogskoongemaak moet word.

## RESPONDENT TWEE

Ek kies gewoonlik iets wat maklik kan was en versorg. Ek hou nie van materiaal wat maklik kreukel as ek dit aan het nie. Ek koop so min as moontlik modegrille, maar tog iets wat in die mode is soos 'n spesifieke snit, kleur of materiaal. Ek sal nie iets koop waarin ek nie gemaklik voel nie. Prys is ook vir my 'n belangrike faktor, ek gee nie om om vir kwaliteit te betaal nie, maar om alles van Queenspark te hê is vir my te duur. Ek vermy ook klere-boutiques omdat die patroon-ontwerp dikwels eenvoudig is terwyl die prys baie duur is. Ek is versigtig vir uitverkopings want ek het al dikwels goed gekoop omdat die prys reg is en dan dra ek dit nie baie agterna nie. Ek spandeer tyd om te sien of ek dit kan meng en pas saam met byvoorbeeld goedkoper toppies. 'n Mooi snit langbroek kan saam met 'n duursame bostuk baie deftig lyk.

Ek sal heel moontlik 'n langbroekpak koop met twee bloesies wat ek kan wissel. Daarby sal ek miskien een rok koop, ek kry selde 'n rok waarvan ek hou. 'n Mini-romp wat ook kan meng en pas saam met die baadjie kan ook werk. Ek voel dat ek onderklere met gemak by al my kledingstukke wil dra daarom hou ek nie van toppies met sulke dun bandjies nie asook van hipsterbroeke.

Ek koop ook volgens die seisoene aan. Ek sal byvoorbeeld nie 'n jas aankoop nie want die winters is nie so koud nie, ek spandeer min geld aan werklike warm, wollerige wintersklere. Dit is gewoonlik duur en kan nie baie gedra word nie. Ek sorg dat ek vir die winter 'n goeie swart langbroek het met 'n mooi modieuse swart baadjie en met ander truitjies kan jy dit dan afwissel. Swart is altyd vir my 'n staatmaker vir die winter omdat dit so goed meng en pas.

Vir die somer sal ek kyk na die tipe materiaal, ek sal nie te sinteties gaan nie, maar ek hou ook nie van kreukels nie en daarom sal ek 'n middeweg volg en kombinasies van sintetiese en natuurlike materiaal kies. Ek dra graag gebreide toppies omdat dit so gemaklik aan my lyf sit. Ek is nie lief daarvoor om rompe te dra nie en as ek dit dra is dit gewoonlik potloodrompe wat 'n mini- of langromp insluit. Ek sal 'n langbroekpak koop in 'n mooi helder kleur of 'n diep, ryk kleur en dit dan dra met minder opsigtelike toppies.

Ek koop graag by Truworths en Milady's, selde by Foschini, af en toe by Queenspark en nooit by Big Blue of "RJ " winkel nie.

## RESPONDENT DRIE

Uit die aard van die Laeveldse klimaat en my beroep as sekretaresse by 'n hoërskool, is semi-formele, koel kleure en koel style vir my gemaklik en belangrik.

Ek sou my aankope in die twee seisoene (somer en winter) indeel. Ek sal dieselfde behoeftebepaling volg vir beide seisoene, maar net die baadjies met lang moue verkies. Alhoewel ek nie die mode streng navolg nie, is dit tog vir my belangrik om 'n ietsie te hê wat wel in die spesifieke seisoen se mode inskakel. Tydskrifte is vir my 'n goeie bron van wat beskikbaar is. Sou ek iets in 'n tydskrif of brosjure sien, sal ek dan na die winkel gaan om dit te beskou, aan te pas, ens. Ek sal eers vir my 'n behoeftebepaling opstel, uit die inligting uit brosjures of tydskrifte. Daarna sal ek na die spesifieke winkel gaan en die kledingstukke meer intensief ondersoek en moontlik aanpas.

Die volgende van 'n kledingstuk, trek eerste my aandag:

1. Kleur
2. Styl
3. Mode
4. Algemene voorkoms

Kleur speel vir my 'n baie belangrike rol. Die kleur van die kledingstuk is vir my baie belangrik - wat by my vel- en haarkleur (blond) inskakel. 'n Goeie maatstaaf vir my is wanneer ek komplimente by kollegas en vriende kry. Ek sal dan weer daardie kleur aanskaf en met dit eksperimenteer. Soms hou ek so baie van 'n kleur dat ek meer as een kledingstuk daarvan aanskaf.

**Behoeftebepaling**

Ek sal die volgende van elke artikel aankoop.

<u>Onderstelle</u>

| Item | Hoeveelheid | Kleur |
|---|---|---|
| Langbroek | 3 | Stone, Swart, en Ligbruin |
| Driekwartbroek | 3 | Stone, Ligbruin, Denim |
| Rompe – lank | 1 | Enige effe, mode-kleur |
| Romp lank | 1 | Bont – wat ook al in die mode is |

Tops

| Item | Hoeveelheid | Kleur |
|---|---|---|
| Informele T-hempies – sonder moue | 5 | Vrolike somerkleure wat beskikbaar is: bv. rooi, liggeel, appelkoos, stone |
| Semi-formeel Chiffonbloesies - mouloos | 3 | Vroulik – room, ligblou, ligpers, ens. |
| Semi-formele baadjies – kortmou | 2 | Rooi, room, hemelblou |
| Formele Tops Aanddrag – "Shoestring" bandjies | 3 | Swart met kralewerk, pers met interessante kledingstof en rooi met interessante en ryk kledingstof |
| Informeel – los toppies vir die dra by denim, ens. | 4 | Stone, appelkoos, wit, blou, rooi ens. |
| Truie – slegs vir die winter | 5 | Verskeidenheid van kleure, diktes |

Rokke

| Item | Hoeveelheid | Kleur |
|---|---|---|
| Rokke langerig, sonder moue | 3 | Modekleur en miskien bont |
| Rok – kort | 1 | Denim mini – op die knie |
| Rokke langerig, met moue | 2 | Stemmige, professionele kleur, Ligpers, rooi en swart gemeng, mengsel van stone en bruin, ens. |

**Kleure**

Somer

Tops, baadjies en truie: Somerkleure is vir my vrolik: rooi, geel, liggroen, ligpers, pienk, room, blou – ag sommer al die lentekleure. Ek verkies om nie donkerkleure aan te trek nie. Ek voel swaar en morbied.

Vir my onderstelle hou ek van neutrale kleure: room, stone, ligbruin, swart, blou, ens.

Winter

Tops, truie en baadjies: Ek verkies warm herfskleure en dieper skakerings van pastelle en oranje en pers vir die winter

Onderstelle : Wynrooi, donkergroen, diep-stone, swart, navy

**Styl**

Bloesies of T-hemde

Mouloos

Losserige bloesies of rokke wat nie middel beklemtoon

Vleiend

Vroulik

Broeke

Nie 'n lang bo-lyf nie

Lengte van broek

Tipe kledingstof – bv nie katoen, ens.

Gemak

Rompe

Lengte

Vleiende patroon

Omrede lank, verkieslik 'n "slit" of twee

Tipe kledingstof – nie deurskynend wat onderrok benodig

Rokke

Verkieslik mouloos

Sonder krae

Tipe kledingstof

Die kleur van 'n artikel trek my altyd eerste. Daarna sal ek kyk na die styl – voldoen dit volgens my kriteria of nie. Sou dit my geval en pas, sal ek kyk of dit op daardie stadium in die mode is of nie. Ek hou nie van sintetiese stowwe nie. Met die uitsondering sal ek 'n artikel aankoop wat sinteties is. Die tipe kleedstof is dus ook vir my belangrik. Dit moet koel wees. Die algemene voorkoms van 'n artikel is ook vir my baie belangrik. Ek sal nie 'n artikel koop wat "home-made" lyk nie. Nog minder dra!

As al bogenoemde vir my reg is, sal ek die artikel aanpas waar die volgende dan van toepassing is.

- Gemak – pas die kledingstuk my gemaklik en sal ek dit 'n hele dag kan aantrek – sonder om "geknyp" te voel?
- Is die afwerking van so 'n aard dat dit my 'n paar jaar sal hou?
- Laat dit my "Vroulik en sag" lyk ?– Baie belangrik vir my.
- Wat se spesiale sorg die artikel benodig met bv. was en stryk?
- Is die artikel duursaam en kry ek dan in totaal waarde vir my geld?

Ek koop nie 'n kledingstuk as daar duisende op die vloer hang nie. Dit sit my onmiddellik af. Ek is onmiddellik afgesit as iemand anders dieselfde kledingstuk as ek aan het. Dit sal nooit weer aangetrek word nie.

Vir my is dit ook baie belangrik dat die kledingstukke professioneel en aantreklik uitgestal word. Ek wil bv. verby 'n uitstalling loop wat volledig, onderstel, top, baadjie, ens uitgestal word, en besluit, sal ek dit so dra of nie. Ek koop nie graag op uitverkopings nie. Dit is asof ek nie die potensiaal van die kledingstuk kan raaksien nie. Om die klere uit bondels uit te soek frustreer my en ek koop selde op so 'n manier. As uitverkopings "georganiseerd" is, sal ek koop. Dit moet nie slordig wees nie en mense moet nie om my drom nie.

Om 'n kledingstuk in 'n aantrekhokkie aan te pas – is regtig nie vir my nie. Gewoonlik neem ek die klere op sig, gaan pas dit in my privaatheid, by my huis aan – vra my man se raad en kies dan daaruit. Ek kan nie ontspan in die aantrekhokkies nie en ek is seker daardie spieëls *vergroot baie*.

Ek koop gereeld vir spesiale geleenthede. Indien die geleentheid hom opdoen en ek iets sien – 'n seisoen voordat dit benodig word – sal ek dit koop en bêre vir spesiale geleenthede. Klassieke aanddrag en formele drag is vir my 'n voorkeur. Dit is tydloos en altyd 'n wenner!

**RESPONDENT VIER**

Werksklere moet vir my prakties wees. Dit moet los en gemaklik sit wanneer ek daarin beweeg dan is dit vir my prakties.

Die materiaal moenie warm wees nie, ek voel aan die materiaal want sintetiese materiaal haal mos nie asem nie, sjoe, jy sweet jou dood. Linne byvoorbeeld is lekker koel.

Ek verkies kledingprodukte sonder moue want ek sweet verskriklik baie, indien dit vir my baie mooi is sal ek dit in elk geval oorweeg.

Ek koop meestal effekleure sodat ek maklik kan meng en pas.
Ek hou nogal van drie kwartbroeke en sal eerste daarna kyk en dan na rompe. Ek sal laaste 'n rok oorweeg.

Ek kies glad nie rekstof nie want die klere moenie styf sit aan my nie. Die kledingprodukte moet darem modern ook wees, dit moet na die huidige mode lyk.

Vir kerk is dit 'n ander storie, dan verkies ek 'n lang rok met sagte lyne wat nie van sintetiese materiaal gemaak is nie want dit moet kan asemhaal.

Enige kleur sal vir my reg wees solank dit vir my mooi is en mooi sit (nie te bont nie).
'n Mooi langromp met 'n sagte wit bloes sal ook doen.

Ek sal oplet na die kwaliteit van die materiaal. Party klere lyk sommer of dit kan skeef trek.
Ek het nou al geleer om iets te kry wat kreukeltraag is.

## RESPONDENT VYF

Gestel ek het ±R1 500.00 tot my beskikking om nuwe uitrustings vir kerk en werk aan te skaf, sal ek weet dat dit baie slim meng-en-pas aankope moet wees. Omdat die uitrustings meer formeel van aard moet wees, sal ek eers beplan na watter tipes kledingstukke ek sal benodig.

Eerstens sal ek 'n rok soek – stylvol, eenvoudige lyne, gemaklike ontwerp, kreukelvrye materiaal, gevoer en 'n praktiese effekleur, verkieslik taan, vlootbloou of swart. Die rok se soom moet net bo of net onder die knie wees. Volgende sal ek 'n bypassende baadjie kies met eenvoudige lyne, maar kan meer detail hê in byvoorbeeld die stiksels, nate, sakke of knope mits daar balans in die kledingstuk is. Die baadjie moet baie goed pas en gemaklik wees, definitief nie 'n baadtjie met groot skouerstukke nie. Die lengte van die baadjie moet tot by die heup kom en die moue moet lank wees. Ek moet dit oop of toe kan dra. Die kleur moet baie neutraal inskakeer met dié van die rok. Dit sal 'n voordeel wees as die baadjie gevoer is, maar dit is nie vir my 'n noodsaaklikheid nie. Dan sal ek 'n bloes kies wat van 'n sagte materiaal is met kap- of driekwartmoutjies wat ek vas of los kan dra. Die kleur kan effens bont wees met kleure wat inskakeer met die hoofkleur, dié van die rok. Ek sal verkies dat die bloes 'n kragie moet hê en die soomlyn moet nie té kort wees nie. 'n Lang- of driekwartbroek kom laaste aan die beurt. Dit kan 'n donkerder of dieselfde kleur as die baadjie wees. In hierdie geval is die kleur vir my die heel belangrikste – ek sal verskeie broeke in die regte kleur kies en almal aanpas. Die een wat die gemaklikste pas sal die een wees wat ek sal aankoop.

My keuse van bogenoemde is dat ek die dag as ek besluiteloos is en tog elegant en stylvol wil lyk die rokkie oor my kop kan glip. As dit vir 'n spesiale geleentheid is kan ek die rokkie optower met bykomstighede en juwele. Indien dit koel of 'n deftige geleentheid is kan ek die baadjie ook dra. Die bloesie kan ek oor die rokkie aantrek met knopies los vir 'n gemakliker uitrusting op 'n koeler dag of in die aand. Die bloesie kan ek by die langbroek aantrek en met die baadjie vir 'n meer formele uitrusting. Die langbroek en baadjie sal as sulks ook 'n wenkombinasie wees om met bykomstighede en verskeie bostukke in verkeie uitrustings om te tower.

Verder is daar verskeie ander aspekte wat vir my belangrik is van enige kledingstuk wat ek aankoop. Dit is die volgende:

- Die teksture van die materiale van die verskillende kledingstukke moet mekaar komplementeer en moet nie 'n kontras van teksture vorm nie;

- Die ontwerp moet by my postuur pas en my figuurfoute verbloem. Dit moet ook baie gemaklik pas – ek wil nie heeltyd klere regtrek of toehou of oplig nie. Ek wil ook nie die some verstel en sodoende die ontwerp benadeel nie;
- Tydloos – veral as dit 'n duur kledingstuk is;
- Eenvoudig en stylvol is vir my tydloos – daarby bedoel ek nie te veel detail en kant nie. Nie te blink nie. Geskik vir dag of aand, kerk of werk;
- Moet by verkeie van my ander kledingstukke in my kas pas; en
- Ek moet verkieslik reeds skoene besit wat by die kledingtuk wat ek aankoop pas.

## RESPONDENT SES

Die kledingprodukte moenie te outyds of ou-tannierig wees nie.
Dit moet netjies en skaflik lyk en nie te informeel nie.
Dit moet 'n lekker tekstuur hê - dit is lekker sag teen my vel.
Die kleur moenie te wild wees of te veel "skreeu" nie.
Dit moet gemaklik lyk en dra.
Dit moenie te maklik kreukel nie.
Ek moet goed voel en vir myself goed lyk daarin.

Die afwerking moet netjies wees.
Die nate en some moenie lostrek nie en iets moenie "stukkend wees nie".
Ek sal die materiaal frommel en kyk hoeveel dit kreukel.
Ek sal dit aanpas en kyk hoe dit lyk van alle kante af.
Ek moet goed voel daarin.
Die prys moet nie buitensporig wees nie.
Ek moet in 'n bui wees om iets te soek.

**RESPONDENT SEWE**

Klere moet "uniek" lyk, maar tog inpas in die milieus van kerk en werk. Dus nie te "onprofessioneel" of te informeel wees vir kerk nie, maar terselfdetyd nie outyds lyk nie.

Die kleur van die materiaal sal neutraal wees sodat dit kan inpas by klere wat ek reeds in my kas het of dit sal iets interessants wees soos 'n helderkleurige bloes of truitjie waarin ek spesiaal sal voel wanneer ek dit aan het. Die kleur moet ook pas by die skoene wat ek reeds in my kas het.

Iets vroliks of vrouliks pas ook vir my by werk of kerk. Ek sal eerder die denims en T-hemde hou vir naweke of dae wanneer ek nie werk nie.

Die snit moenie te lospassend wees nie. Mousgate en soomlengte moet nie te oop wees nie. Langbroeke vir werk en kerk moet nie te styf pas nie, ek dra byna net langbroeke werk toe en verkies rokke vir die kerk. Vir meer formele drag verkies ek 'n sagte, los bloesie of stywe toppie met 'n tweede sagter een bo-oor.

Ek sal iets koop waarin ek goed voel wanneer ek dit aan het.

**Waarna sal ek oplet tydens die aankope om 'n tevrede kledingverbruiker te wees**

Tipe materiaal:

Somer verkies ek iets wat maklik asemhaal, maar nie te vinnig kreukel nie. Goeie kwaliteit materiaal, wat nie skeeftrek of foute in die patroon of weefwerk het nie. Vir werk of kerk sal ek eerder bietjie meer betaal per kledingstuk, maar opeindig met goeie kwaliteit. Sal dan meng en pas met basiese kledingstukke van byvoorbeeld Woolworths. Ek vermy ook tipes materiaal wat gou sal blink stryk of krimp in die was.

Winter: Growwer geweefde materiale of iets met 'n "suede" gevoel en donkerder kleure. Verkieslik nie kledingstukke wat droogskoongemaak gaan word nie. Ek verkies 'n kleur wat pas by my vel- en haarkleur.

Ek let op na die kwaliteit van stikwerk en afwerking. Materiaal moet eweredig gekleur wees en kledingstukke in die winkel wat lyk of dit voorheen vir 'n lang tyd aangepas/gedra is sal ek nie aanpas of aankoop nie.

Die wyse waarop klere uitgestal word is ook belangrik. Ek hou van 'n winkel wat 'n lekker atmosfeer het en waardeer ook die hulp met omruil van nommers wanneer ek 'n kleiner of groter nommer wil hê. Die vriendelikheid en diens is belangrik.

Selfs die tipe pryskaartjies aan die kledingstukke sal op 'n manier 'n effek hê. Ek hou byvoorbeeld nie daarvan dat 'n ou kaartjie wat afgeval het aan die klere vasgekram word nie. Ek hou die meeste van 'n mooi bruin kartonkaartjie wat met 'n toutjie aan die boonste knoop vasgemaak is of met 'n klein haakspeldjie vasgesteek is.

Die prys is natuurlik ook 'n faktor. Almal hou van 'n goeie kopie!!

## RESPONDENT AGT

Met klere vir die werk moet die beroep in ag geneem word. Indien dit 'n professionele beroep soos byvoorbeeld opleiding, ensovoorts is, sal ek sorg vir pakkies of klere in eenvoudige klassieke snitte. Rompe met baadjies of bloese wat gemaklik tog stylvol vertoon. Langbroekpakke met baadjies en rokke wat eenvoudig gesny is en knie-lengte is.

- Stof moet kan "asemhaal" en kreukelvry wees. Dit moet gemaklik wees sodat jy goed voel daarin en tog moet dit funksioneel wees. Wanneer jy nie gemaklik voel in jou klere nie, beïnvloed dit jou gemoedtoestand - almal kan sien dit pla jou. Dit is vir my kardinaal van belang om gemaklik te voel in my klere.
- Netjies vertoon (as geheel beeld). My geheelbeeld in die spieël moet goed vertoon.
- Ek sal pastelkleure en helder kleure dra, maar dit nie meng nie. Kleur is vir my 'n baie belangrike oorweging veral in die winter: swart en rooi. Wanneer ek by 'n winkel inkom, trek die kleur my; dan gaan kyk ek na die kledingproduk wat in die kleur is. Ek is ook bewus van die reuk van die klere soos wat ek daardeur blaai. Ek sien by Woolworths hang hulle nou die verskillende kleure en skakerings bymekaar so as jy inkom sien jy al die kleure wat bymekaar hang so as jy iets spesiaal soek maak dit die aankope makliker.
- Die tekstuur van materiaal is vir my baie belangrik - dit moet lekker voel teen my vel - sag. Ek voel regtig altyd aan alles want soos hy aan jou hand voel, kan jy min of meer bepaal hoe dit om jou lyf voel
- Die reuk van 'n nuwe kledingproduk is ook vir my belangrik byvoorbeeld lycra-materiaal waarvan oefenklere gemaak word ruik, vir my heerlik, dit herinner my aan my aangename balletdae. Denim ruik vir my heerlik, so anders daarom is ek so mal oor denim langbroeke. Linne en katoen ruik ook vir my lekker - so vars. Suede ruik ook vir my baie lekker, maar eintlik voel dit vir my lekker. Suede het 'n lekker tasgevoel.
- Pas is vir ook baie belangrik.Ek maak seker dat niks nêrens trek, styf sit en ongemaklik lyk nie. Dit is vir my so belangrik.
- Beweeglikheid moet primêr wees.
- Meng en pas is baie belangrik.
- Funksionaliteit is vir my so belangrik en hoe dit lyk. Oe, ek het so 'n vrees om goedkoop te lyk. 'n Mens kan so maklik goedkoop lyk in die diervelmotiefklere veral as dit van die dun materiaal gemaak is wat so styf aan die lyf sit en elke kurwe wys.
- 'n Swart langbroek, romp of rok kan goed afgewissel word met verskillende baadjies, bloese en selfs truitjies.

Vir kerk-klere is gemak ook weer belangrik en natuurlik die seisoen.

- Mooi ligte rokke van helder kleure soos oranje of blou en selfs rooi.
- Ligte bloese met rompe byvoorbeeld 'n khaki romp met 'n swart bloes.
- Langbroeke wat nie styf sit, span of trek nie.
- Truitjies van pers, rooi, swart kan bo-oor langboeke gedra word.

Gemak moet nog steeds nommer een wees en materiaal moet gemaklik voel teen die lyf.

## RESPONDENT NEGE

Eerstens is die estetiese waarde van 'n kledingstuk baie belangrik aangesien dit dikwels die rede is waarom 'n vrou eerste aan 'n spesifieke kledingstuk tussen baie ander in die winkel aandag gee.

Alle vrouens het 'n behoefte daaraan om mooi te lyk. Versorgde hare en grimering help niks as die res van die vrou in 'n vaal vormlose massa verdwyn nie. Ons is immers nie net kop nie. Die "jy lyk pragtig" kompliment word gewoonlik op 'n vrou se uitrusting gerig. Die kleur en die (minder of meer) formele aanwending in die snit van 'n kledingstuk is 'n doeltreffende metode om die regte beeld oor te dra, wat ook al die situasie of die oomblik verlang. Ons wil egter altyd mooi lyk. Hier het 'n vrou al dikwels na haar middel-twintigs, haar vergewis met watter kleure of skakerings haar spesifieke gelaatskleur komplementeer.

Pragtige kleurvolle, bont nommertjies, al is dit hoe pragtig, is nie al wat 'n mens kan aanskaf nie aangesien dit meng en pas bemoeilik. Om hierdie rede is ek self meer geneig om effekleure klere(spesifiek langtermyn items) met interessante snitte aan te skaf, byvoorbeeld baadjies en langbroeke. Bloese oorwegend effe, maar hier kan 'n paar bont bloese doen waar bykomstighede andersins moet ophelder. Dis meer ekonomies om bloese gereeld te wissel en vervang as duurder items. Indien 'n mens doelbewus die aksent van jou gelaat wil wegweer, dra ek nooit bont langbroeke nie, maar tog sagte, fleurige rompe. Waarom dan die moeite met hare en grimering? Boonop kom figuurfoute by vroue oor dertig meer in die onderlyf na vore, in so 'n geval is dit 'n absolute flater om dan onder bont te dra.

Gemak by 'n kledingstuk is 'n absolute moet. Ons leef nie meer daagliks met die "balrokke" van die Victoriaanse tydperk nie, aangesien vroue lankal nie meer net sit en tee drink soos in daardie era nie. Vandag se vroue het 'n vinnige lewenstyl. Klere moet dus saam met 'n immerbewegende liggaam funksioneer en nie daarteen werk nie. Baie vroue bring hulle tyd agter lessenaars en motorstuurwiele deur in 'n sittende posisie. Dit vestig die aandag op 'n ander behoefte naamlik die kreukeltraagheid van 'n kledingstuk.

Kreukeltrae materiaal is gewoonlik lig en sag, dus gemaklik, maar ook netjies wat weereens by die estetiese waarde aansluit.

Kwaliteit is laaste maar nie die minste op my lys van belangrike eienskappe waaraan 'n kledingstuk moet voldoen. Kwaliteit is 'n vereiste om van 'n kledingstuk 'n belegging te maak.

Om 'n tevrede kledingverbruiker te wees, sal ek eerstens na die estetiese waarde kyk en hier rondom sal ek ag slaan op my eie kleurvoorkeure wat my natuurlike gelaatskleur komplementeer. Die snit en uiteindelike produk moet tydloos of modegerig en veelsydig wees. Waar dit gemak aangaan is dit weereens nodig om ander faktore in ag te neem. Ons klimaat is baie warm en dus bied 'n koel rokkie lafenis maar persoonlik beskou ek 'n langbroek as meer gemaklik.

Kwaliteitsgewys sluit ek in die gehalte van die materiaal byvoorbeeld kreukeltraag, beweegbaar(rekbaar) en sterk Die gehalte van stikwerk op nate(veral areas wat bietjie stremming dra soos die sitvlak).Die netheid waarmee opsigtelike stikwerk aangebring is, is ook belangrik.Die knope se gehalte en hoe stewig dit aangewerk is, is ook belangrik. Indien (en dit is dikwels) ek ekonomiese oorweegredes vir die aankoop van 'n kledingstuk het, sal ek een tydlose kwaliteit-item in plaas van vier ander mode-items van gemiddelde gehalte aanskaf.

## RESPONDENT TIEN

My kledingstukke moet gemaklik en prakties wees omdat my kinders nog op my skoot sit en by die skool buk en skryf 'n mens op die bord. Die mousgat moenie te groot wees sodat jy te bang is om jou arms op te tel nie. Ek buk en neem in ag dat leerlinge kan insien by die hals. Materiaal moet lig en koel in die somer wees want as jy sweet is dit 'n verleentheid. Die materiaal moenie sommer kan haak en kreukel nie omdat jy tussen tasse en banke deurloop. Enige kleur is lekker om te dra, bont of effe, maar wit smeer tog vuil in die klas.

Met 'n beperkte begroting is skoolhou-klere ook my kerk-klere, maar nie almal nie. Ek het klere wat ek net kerk toe dra, maar soms skool toe ook want 'n mens het 'n behoefte om soms meer formeel of netjieser te lyk byvoorbeeld met 'n saalopening. Daar is ook klere wat ek nie kerk toe sal dra nie soos van my sonrokke, knie-broeke met bloesies en sekere langbroeke met rek bo-in. Ek voel dit is te informeel vir kerk-klere.

Ek pas die kledingstukke aan en kyk hoe dit sit. Ek voel ook hoe die lap voel aan my lyf (veral wintersmateriaal moenie krapperig wees nie). Ek kyk ook na die was en stryk en kleurvas etiket - dit is ook vir my belangrik vir winters materiaal want soms as dit droogskoongemaak is, verloor dit vorm en kleur en dan lyk dit sleg.

## RESPONDENT ELF

Met net 'n sekere hoeveelheid geld tot my beskikking om uitrustings aan te skaf vir werk en vir kerk, sal ek my beplanning so doen dat wanneer ek na uitrustings begin soek dit vir beide geleenthede geskik sal wees.

In vandag se lewe is die uitrustings wat jy kerk toe dra nie meer soos 20 jaar gelede nie:

1. Die hoede is uit.
2. Die statige kerkrok is nie meer in nie...
3. Sykouse en hakskoene is ook nie meer 'n moet soos dan nie...

Wat is in?

1. Langbroeke is aanvaarbaar in die kerk.
2. Sandale is aanvaarbaar in die kerk.
3. Koel, netjiese somerrokke is aanvaarbaar in die kerk.
4. In die winter sal selfs 'n trui en langbroek, wat netjies lyk, aanvaarbaar wees.

Dus met 'n sekere hoeveelheid geld sal dit vir my moontlik wees om die uitrustings vir werk en vir kerk te kombineer.

Hoe sal die kledingstukke wat u aankoop wees:

- Eerstens sal dit prakties wees, bedoelende ek sal so koop dat ek kan "mix and match".
- Tweedens die kwaliteit en waarde moet goed wees, met ander woorde, ek sal na 'n spesifieke handelsnaam gaan waar ek weet die kledingstukke is kwaliteit gewaarborg, soos byvoorbeeld Woolworths en selfs Edgars.

Met die uitverkopings kan 'n mens regtig winskopies raakloop en regtig waarde vir jou geld kry.

Veronderstel ek is nou in 'n situasie waar my tas weggeraak het en ek moet nou gou vir die volgende drie weke kledingstukke koop:

- Ek sal vir my 'n paar langbroeke aankoop in die volgende kleure: swart, donkerblou en khaki of bruin.

- Wit bloes koop om by aldrie langbroeke te pas - ander bloese wat ek dalk kan bykoop sal die volgende kleure insluit: room, pers, rooi, donkerblou, groen en swart.
- 'n rooi en swart baadjie met voering.
- 'n Onder-die-knie denim romp met 'n bypassende bloes, wat ek weer by my langbroeke kan dra, saam met my baadjies (indien nodig).
- 'n paar swart skoene, 'n paar roomkleurige skoene.
- Wat ek kies om te dra, moet by my pas, my voorkoms moet my vroulikheid en selfvertroue gee.
- Ek wil gemaklik voel in my klere, nie noodwendig 'n "statement" maak nie, maar dit moet ek wees.

Wanneer ek kledingstukke aankoop, kyk ek na die versorging van die kledingstuk, want dit is belangrik vir my en die prys van die artikel is ook vir my belangrik.

Ek maak ook seker dat die materiaal van die kledingstuk 'n goeie materiaal is, dit moet sterk wees, nie deurskynend nie, veral nie die langbroeke nie.

Dit moet maklik wees om te skoon te maak en die kledingstuk moet min stryk nodig hê. Ek vat graag aan die lap van kledingstukke om te kyk of dit deurskyn. Ek hou dit ook teen die lig om te kyk hoe dun of dik dit is. Ek druk ook sagte wintersbaadjies, ens, teen my vel vas om te voel hoe sag dit is. Ek kyk ook hoe goed ek dit met bestaande kledingprodukte kan meng en pas.

As ek op 'n dag bietjie af voel en ek stap by 'n winkel in en sien iets wat se kleur mooi is en dit sit goed aan my dan sal ek dit koop. Daarna voel ek gewoonlik baie beter.

## RESPONDENT TWAALF

Ek kyk altyd eerste na die styl van die kledingstukke, ek kyk of dit by my pas en of ek daarvan hou. My styl is gemaklike lospassende, klere, vir my is dit altyd 'n treffer. Na my swangerskappe pas my klere nie meer so goed by my nuwe figuur nie, daarom verkies ek kledingstukke wat my maag tot 'n groot mate verbloem. Rokke doen dit nogal, daarom verkies ek dit op die oomblik. Ek koop ook vir die rede klere sonder 'n rek of band in die middel. 'n Rek of band irriteer my vel gou en laat my ongemaklik voel. Sou ek wel na 'n broek of romp kyk, sal ek 'n lospassende bloes daarby dra. Die kledingstukke wat ek aankoop is gewoonlik van 'n ligte materiaal wat nie maklik kreukel nie. Ek verkies ook donkerder kleure omdat ligte kleure 'n mens gewoonlik nog breër laat lyk. Om klere te dra wat verslankend is, is altyd 'n "issue" daarom sal klere met ingeboude onderklere 'n treffer wees byvoorbeeld 'n onderrok.

Om 'n tevrede kledingverbruiker te wees kyk ek na die volgende :

- Kwaliteit van die materiaal wat gebruik word asook die garing wat gebruik word. Ek wil nie na eenkeer se gebruik 'n knoop moet aanwerk of 'n naat herstel nie.
- Ek kyk ook daarna om skoon, nuwe klere aan te skaf, soms is daar vuil merke en die klere is gekreukel soos wat mense dit vantevore aangepas het.
- Hulp wat aangebied word in die klerewinkels is pateties. Ek wil nie oorval word nie, maar het darem 'n ekstra hand nodig by die aanpaskamer om byvoorbeeld 'n groter nommer te kry en selfs die klere terug te hang wanneer ek klaar gepas het.
- Dit is ook soms 'n verleentheid wanneer ek deur die sekuriteitswag voorgekeer word omdat veiligheidsknippies nie van klere afgehaal is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BYLAAG D

# KATEGORIEË, SUB-KATEGORIEË EN INTERPRETASIES

# KATEGORIEË EN SUB-KATEGORIEË VIR DATA-ANALISE

| Kategorie | Subkategorie |
|---|---|
| 1.1 Die rol van die sensoriese dimensie van die estetiese ervaring in die beoordeling van kledingprodukkwaliteit | 1.1.1 Sig<br>1.1.1.1 Kleur<br>1.1.1.2 Tekstuur<br>1.1.1.3 Lyn<br>1.1.1.4 Proporsie<br>1.1.1.5 Nadruk |
| | 1.1.2 Aanvoeling<br>1.1.2.1 Tekstuur |
| | 1.1.3 Reuk |
| | 1.1.4 Gehoor |
| 1.2 Die rol van die emosionele dimensie van die estetiese ervaring in die beoordeling van kledingprodukkwaliteit | 1.2.1 Die rol wat emosionele plesier speel in die beoordeling van kledingproduk-kwaliteit |
| | 1.2.2 Die rol wat die opwek van emosies speel in die beoordeling van kledingprodukkwaliteit |
| | 1.2.3 Die rol wat dominansie speel in die beoordeling van kledingprodukkwaliteit |
| 1.3 Die rol wat die kognitiewe dimensie van die estetiese ervaring speel in die beoordeling van kledingprodukkwaliteit | 1.3.1 Die rol wat realiteit speel in die beoordeling van kledingprodukkwaliteit |
| | 1.3.2 Die rol wat fantasie speel in die beoordeling van kledingprodukkwaliteit |
| | 1.3.3 Die rol wat vermaak speel in die beoordeling van kledingprodukkwaliteit |

As riglyn vir die subkategorieë wat by elke dimensie ingesluit is, het die navorser by die sensoriese dimensie van die estetiese ervaring die riglyne van ontwerpelemente soos wat Fiore en Kimle (1997:119-333) dit stel, gebruik. As visuele elemente van ontwerp is kleur, lig, vorm en lyn ingesluit en as taselemente van ontwerp is tekstuur, spasie en beweging ingesluit en as gehoor- en reukelemente van ontwerp is musiek en reuk ingesluit. Met die analise van die data het die navorser tot die besef gekom dat die respondente na byna dieselfde elemente van ontwerp verwys het en dat daar 'n aantal ontwerpelemente is waarna die respondente glad nie verwys het nie. Die elemente van ontwerp is toe uit die sub-kategorieë weggelaat en slegs dit waarna die respondente verwys het, is ingesluit in die studie. Die volgende ontwerpelemente word dus vir die studie as van belang beskou: kleur, lyn en tekstuur. As

riglyn vir die beginsels van ontwerp is ritme, proporsie, balans en nadruk volgens Fiore en Kimle (1997:253) se indeling ingesluit. Die respondente in die studie het slegs na proporsie en nadruk verwys, waarna die ander toe weggelaat is. Ontwerpelemente wat dus uitgelaat is by die sub-kategorieë omdat respondente nie daarna verwys het nie is lig, vorm, spasie en beweging, terwyl ritme en balans as beginsels van ontwerp om dieselfde rede uitgelaat is. As sub-kategorieë van die sensoriese dimensie van die estetiese ervaring is kleur, tekstuur, lyn, proporsie en nadruk dus by die studie ingesluit.

Wat die sub-kategorieë van die emosionele sowel as die kognitiewe dimensies van die estetiese ervaring aanbetref, het die respondente in beide gevalle na al die dimensies van die estetiese ervaring verwys en daarom is die sub-kategorieë daarvolgens en soos vroeër in die studie genoem, ingesluit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**'n Voorbeeld van een respondent se respons op een kategorie van formele dagdrag en een van ontspanningsdrag. Die interpretasie daarvan in kategorieë en sub-kategorieë asook tipe vrae wat tydens die onderhoud gevra is met die tipe respons wat verkry is en die analise daarvan**

| Kategorie | Sub-kategorie | Inleidende vrae | Respondent se antwoorde | Geïnterpreteer as |
|---|---|---|---|---|
| **1. Formele dagdrag** | | | | |
| Die rol wat die kognitiewe dimensie van die estetiese ervaring speel in die beoordeling van kledingproduk-kwaliteit | 1.3.3 Die rol wat vermaak speel in die beoordeling van kledingproduk-kwaliteit | | *Ek hou van die rooi toppie, dit is lekker veelsydig, maar die romp is nie my "koppie tee" nie.* | Kognitief |
| | | Wat aan die romp maak dat jy nie daarvan hou nie? | *Die blomme op die romp pla my, dit het iets te doen met ervaringe uit my verlede toe ek 'n kunsstudent was.* | Kognitief |
| | | Hoe beïnvloed die ervaring met blomme jou beoordeling van kledingproduk kwaliteit? | *Blomme hoort vir my op 'n teekoppie en gordyne. Dalk bring ek groot blomme ook in konteks met ouer mense, ek het 'n vriendin wat van blomme hou en tog beskou ek haar nie as oud nie.* | Kognitief |
| | | Sou jy oorweeg om geen kledingproduk met blomme op, aan te koop nie? | *Ek sou dalk, maar dan moet dit eerder iets wees wat die illusie van blomme skep as realistiese blomme.* | Kognitief |

| 2. Ontspanningsdrag | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.1Die rol van die sensoriese dimensie van die estetiese ervaring in die beoordeling van kledingproduk-kwaliteit | 2.1.1 Sig<br>2.1.1.1 Kleur | | *Ek hou nogal van die los, fleurige voorkoms en die kleur van die toppie.* | Sensories |
| | | Wat van die kleur van die toppie was vir jou belangrik toe jy die kwaliteit van die toppie moes beoordeel? | *Ek hou van die subtiele kleur wat die bloesie ophelder sonder om 'n mens in te sluk.* | Sensories |
| | 2.1.1.2 Tekstuur | | | |
| | 2.1.1.3 Lyn | | | |
| | 2.1.1.4 Proporsie | | | |
| | 2.1.1.5 Nadruk | | | |

RIGLYNE WAT GEVOLG IS IN DIE STEL VAN DIE VRAE:

- **WAT** VRAE VRA FEITE
- **HOE** VRAE IN MENSGEORIËNTEERDE OOP VRAE
- **KAN** VRAE IS BUIGBAAR
- **HOEKOM** VRAE ONTLOK VERDEDIGING EN MOET LIEFS VERMY WORD

Om kognitiewe vrae te vra is **WAT** vrae gebruik

Om emosionele vrae te vra is **HOE** vrae gebruik

Om sensoriese vrae te vra is 'n **KOMBINASIE** gebruik